## LUG U MENING

## OPENBARE UITNODIGING OM DEEL TE NEEM AAN DIE PARLEMENTÊRE BERAAD OOR BENDEVERWANTE GEWELD

Die Portefeuljekomitee oor Polisie nooi benadeelde gemeenskappe, inwoners, slagoffers van misdaad, gemeenskapsgebaseerde organisasies, godsdienstige instellings, jeugstrukture, navorsers, organisasies van die burgerlike samelewing, besighede en alle belanghebbendes uit om deel te neem aan die Parlementêre Beraad oor Bendeverwante Geweld wat deel vorm van die Parlement se ondersoek na bendeverwante geweld.

Die beraad sal ’n belangrike platform bied vir benadeelde persone en gemeenskappe om regstreeks met die Parlement in gesprek te tree oor die aard, oorsake, impak en gevolge van bendeverwante geweld en georganiseerde misdadigheid. Die komitee moedig veral individue en gemeenskappe met eerstehandse ervaring van bendegeweld aan om deel te neem en hul ervarings, bekommernisse en voorstelle te deel wat daarop gemik is om gemeenskapsveiligheid te verbeter en die Staat se reaksie op bendeverwante geweld meer doeltreffend te maak.

Die komitee nooi bydraes en bespreking uit oor aangeleenthede soos, maar nie beperk tot, die volgende:

a) Die oorsake en dryfvere van bendeverwante geweld en georganiseerde misdadigheid;
b) Die uitwerking van bendeverwante geweld op gemeenskappe, gesinne, skole, besighede, gesondheidsdienste en sosiale samehorigheid;
c) Uitdagings met betrekking tot polisiëring, korrupsie, misdaadintelligensie, ondersoeke, vervolgings en breër reaksies binne die strafregstelsel;
d) Gemeenskapsveiligheidsinisiatiewe, geweldvoorkomingsprogramme en vennootskappe tussen gemeenskappe en die Staat;
e) Die uitwerking van bendemisdaad op kinders, jongmense, vroue en ander kwesbare lede van die samelewing; en
f) Wetgewende, beleids-, institusionele of operasionele hervormings wat nodig is om misdaadvoorkoming, openbare veiligheid en die Staat se reaksie op bendeverwante geweld meer doeltreffend te maak.

**Besonderhede van die beraad**

**Datum:** 19 Augustus 2026

**Tyd:** 09:30 – 17:00

**Plek:** Parlementêre terrein, Kaapstad

Belangstellende individue en organisasies word aangemoedig om hul voorneme om die beraad by te woon, aan te dui en, waar moontlik, enige betrokke inligting, skriftelike voorleggings of sake wat hulle wil opper, voor of tydens die beraad in te dien. Voorafregistrasie of skriftelike voorleggings is egter nie 'n voorvereiste vir deelname nie.

Deelnemers wat die beraad bywoon, sal by aankoms by die parlementêre terrein moet registreer.

Die verrigtinge van die beraad sal oop wees vir die publiek en die media, onderworpe aan parlementêre reëls, die kapasiteit van die plek, veiligheidsoorwegings en operasionele vereistes.

Die verrigtinge van die beraad, tesame met enige mondelinge of skriftelike voorleggings wat ontvang word, kan opgeneem en gedokumenteer word vir doeleindes van parlementêre toesighouding, verslagdoening en die inligting van die komitee se ondersoek, bevindinge en aanbevelings.

Voorleggings moet teen nie later nie as 16:00 op Vrydag**, 7 Augustus 2026** (**sluitingsdag)** ontvang word. Dui asseblief aan of u belangstel om 'n mondelinge voorlegging aan die komitee te lewer.

Navrae kan gerig word aan me B Mbengo by 083 709 8489. Voorleggings moet ge-e-pos word na gangviolenceinquiry@parliament.gov.za of besoek die parlementêre webtuiste by www.parliament.gov.za.

**Uitgereik deur mnr I Cameron, LP, Voorsitter: Portefeuljekomitee oor Polisie.**